

2

DIE SKEPPING God skep uit niks

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God se mag groter is as enigiets anders.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet God is die Skepper van alle dinge.

Gesindheid

Die kinders moet verwonderd en dankbaar wees oor God se grootheid en almag.

Vaardigheid

Die kinders moet verskeie dinge wat God geskep het, kan identifiseer.

MEER INLIGTING (Genesis 1; Handeling 14 en 17; Efesiërs 3; Openbaring 21)

Ons gaan hierdie jaar baie leer oor God wat groot en almagtig is. Hy regeer oor alles in die heelal.

Op die eerste bladsy van die Bybel lees ons reeds: *In die begin het God die hemel en die aarde geskep* (Genesis 1: 1). So begin die Bybel. Dit is die eerste wat ons moet weet. Dit is ook die eerste wat ons elke Sondag in die kerk bely: Ek glo in God die Vader, die *Almagtige*, die *Skepper* van hemel en aarde.

Wanneer het God dit gedoen? In die begin. Hy was toe reeds daar. Voor alles was Hy al daar (Kolossense 1: 17). Hy is ewig. In sy bestaan is daar nie gister of môre soos ons dit ken nie. Dit is eers wanneer Hy die groot heelal skep dat die tyd begin. Die verste wat 'n mens in die verlede kan terugdink, is die begin van die skepping.

Hoe het God dit gedoen? Hy het geskep. Skep is 'n besondere manier van werk, soos net God dit kan doen. Ons mense kan ook skeppend wees. Ons kan uit die dinge wat God reeds gemaak het, iets maak. Ons kan ongelukkig nie iets maak as ons niks het om dit van te maak nie. Net God kan. Toe alles woens en leeg en deurmekaar was, het God uit die chaos die wonderlike skepping gemaak soos ons dit ken. Alles het deur Hom tot stand gekom: Ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie (1 Johannes 1: 3). Dit beteken dat daar niks is wat nie deur God geskep is nie. Dit is 'n belangrike getuigenis van die mag van God. Hy het nie hulp nodig om te skep nie. Hy het nie *iets* nodig om iets anders te maak nie. Hy skep wat Hy wil soos Hy dit wil hê. Dat God net sê dat dit moet gebeur en dit gebeur, is ook 'n teken van God se mag.

Wat leer ons van God in die skepping? Lank na die skepping het die volke rondom Israel wat God nie geken het nie, gedink dat sekere dinge in die skepping aanbid moet word. Die skeppingsverhale in die Bybel leer ons dat niks in die skepping aanbid moet word nie. Die skepping het uit die hand van die enigste ware God gekom. Dit is nie die skepping of dinge in die skepping wat aanbid moet word nie, maar die lewende God wat die pragtige groot skepping gemaak het. Maar al is daar niks in die skepping wat aanbid behoort te word nie, leer die skepping ons tog iets van God. Dit wys vir ons hoe groot en almagtig God is.

Hoekom het God die heelal geskep? Die kerk het oor baie jare veral twee redes gegee vir God se skepping. Die een rede hoekom God skep, is om deur die skepping verheerlik te word. Hy wil hê dat ons Hom sal erken as die groot, magtige God en Hom daarvoor sal eer. Die tweede rede is dat God 'n plek maak waar Hy sy groot liefde aan ons kan uitdeel.

Dit wat ons vandag leer, bring ons tot groot verwondering oor God. Dit maak ons opgewonde dat die groot, magtige en lewende God ons liefhet – Hy het ons hartstogtelik lief.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Twee A2-plakkate.
- Ou tydskrifte (verskillende soorte).
- Skêre.
- 'n Buisie gom vir elke groep.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 464: 1 en 2 as gebed of sing dit saam.

*O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

*Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!
Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer die volgende:

Het hulle tuis –

- vir hul ouers vertel waaraan God wil hê ons moet dink as ons die reënboog sien?
- elke keer as hulle God hartseer gemaak het met verkeerde dinge, gebid en Hom vertel dat hulle jammer is daarvoor?
- gereeld gebid en vir die Here dankie gesê omdat Hy ons red?

Kontroleer of hulle die volgende feite ken:

- Wat noem ons die groot watervloed in Noag se tyd? (*Die sondvloed*)
- Wie het vir Noag en sy gesin gered terwyl al die ander mense verdrink het? (*Die Here*)
- Waarvan is die reënboog 'n teken? (*Van God se goedheid*)
- Noag se seuns was (*Sem, Gam en Jafet*)

Laat enkele kinders die volgende teks opsê en verduidelik wat dit beteken:

Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (Romeine 12: 1b)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

God straf mense wanneer hulle verkeerd doen, maar dié wat naby Hom lewe of berou het oor sonde, red Hy altyd.

IETS INTERESSANT

Lees die inligting hierbo voor of maak 'n opsomming en vertel dit.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- God is die Skepper van alle dinge.
- God skep alles uit niks.
- God het chaos in orde verander.
- God wil hê dat ons Hom moet eer en liefhê.

- Net God moet aanbid word en nie dinge in die skepping nie.
- Ons moet verwonderd wees oor God se grootheid en almag.
- Ons moet God eer as Skepper.

IETS OM TE DOEN

Verdeel die klas in twee groepe. Deel vir elke kind 'n ou tydskrif uit. Almal soek prentjies van dinge wat God gemaak het. Elke groep kan self besluit hoe hulle hul plakkaat uiteen wil sit. Hulle kan dit byvoorbeeld in die volgorde van die verskillende dae groepeer of 'n prent skep met die land, lug en water, of al die prente deurmekaar plak en hul eie collage maak.

Elke groep ontvang nou 'n groot plakkaat (A2). Laat party kinders toe om te knip, party sorteer en pak die prentjies op die plakkaat, terwyl ander die plakwerk doen. Maak vir die plakkaat 'n gepaste opskrif (soos die voorbeeld hieronder – teken 'n prentjie van 'n kroon in die oop spasie tussen die woorde *die* en *van*). Die kinders moet almal hul name met helder kleurkryt op die plakkaat skryf.

ONS = DIE  VAN GOD SE SKEPPING!

Hierdie plakkate kan op 'n geskikte plek uitgestal word sodat die res van die gemeente dit kan geniet en waardeer.

BY DIE HUIS

Doen

- Die kinders besoek saam met hul ouers die plaaslike kwekery. By die kwekery moet hulle kyk na al die pragtige bome, struike en blomme en probeer om 'n paar se name te onthou.
- Laat hulle kyk of hulle die blomme waarvan daar 'n prent in hul boeke is, by die kwekery sien. Laat hulle dit dan daardie kleure gaan inkleur.
- Die ouers kan 'n kisse met saailinge koop en saam met die kind die saailinge in hul tuin gaan plant.
- Die ouers moet die kind leiding gee met die versorging van die saailinge.

Leer

Laat hulle hierdie teks gaan memoriseer:

In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Genesis 1: 1)

AFSLUITING

Gee vir een van die kinders wat wil, geleentheid om af te sluit met 'n gebed, of doen dit self.